



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

DANSSTUDIES

JUNIE 2022

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.

NOTA VIR NASIENERS:

- Hou streng by die nasienriglyne wanneer nasien.
- Die standaardiseringsproses tydens die nasienriglynbesprekings verseker dat hierdie riglyne die meeste moontlike antwoorde, wat die kandidate kan voorsien, insluit.
- Alle nasieners moet dit op 'n konsekwente wyse toepas. Die nasienriglyne mag op geen wyse verander word nie.
- In sekere kwalitatiewe vrae moet professionele en ingeligte oordeel toegepas word.
- Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers/-adviseurs/-amptenare met gespesialiseerde danskennis gemerk word.
- Kandidate het 'n keuse binne sekere vrae. Indien kandidate beide die vrae beantwoord het moet slegs die EERSTE antwoord nagesien word. Trek 'n streep deur die tweede antwoord wat nie nagesien word nie.
- In sekere vrae waar kandidate gevra word om 'n spesifieke hoeveelheid feite te verskaf, moet slegs die verwagte hoeveelheid gemerk word indien meer verskaf word.
- Kandidate mag korrekte inligting insluit wat nie noodwendig in die handboek is nie. Gebruik professionele oordeel in so 'n geval. Onsekerheid oor sulke inligting wat verskaf is deur die kandidaat moet bevestig word deur die nodige navorsing.
- Hoë, medium en lae kognitiewevlakke wat in elke antwoord verwag word, is ingesluit bo elke moontlike antwoord. Daar moet streng by hierdie vlakke gehou word. Die beskrywende **werkwoord/instruksiewoord** in elke vraag moet as riglyn vir die toekenning van punte dien.
- Nasieners moet GEEN volpunte toeken vir antwoorde wat oppervlakkig en minimaal is nie of waar al die vereistes van die Kognitiewevlakke van die vraag nagekom is nie.
- Nasiening moet geskied ten opsigte van wat die kandidate weet en nie wat hy/sy nie weet nie.
- EEN regmerk = EEN punt, afhangend van die vereistes van die vraag, tot en met die maksimum punt toegelaat.
- ½ punte mag aan LAE- en MEDIUMvlakvrae toegeken word waar dit van toepassing is.
- **Geen** ½ punte mag aan HOËvlakvrae toegeken word nie.

AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG**VRAAG 1: BESERINGS**

| | | | |
|--------------------|-----|----------------|---------|
| LAE VLAK | 1.1 | Pas | 5 punte |
| | 1.2 | Verduideliking | 4 punte |
| | 1.3 | Benoem | 2 punte |
| MEDIUM VLAK | 1.4 | Verduideliking | 4 punte |

1.1 PASITEMS**Verwagte antwoorde:**

1.1.1 C of D of E

1.1.2 A

1.1.3 B of D

1.1.4 E

1.1.5 B

(5)

1.2 VERDUIDELIKING VAN RYKE

NOTA:

- Geen volpunte mag toegeken word as die kandidaat nie die behandeling ten volle verduidelik nie.
- Ken ½ punte toe waar die kandidaat slegs woorde skryf soos; Rus, Ys, Kompresie, Elevasie.

Verwagte antwoorde:

- Rus – rus die beseerde area om verdere besering en/of om tyd te gee vir genesing
- Ys – wend ys aan vir voorkoming/vermindering van swelling
- Kompresie – kompres of verbind die beseerde area om swelling te verminder en/of om die beseerde area te ondersteun.
- Elevasie – hou die geaffekteerde area hoog om te voorkom/verminder van swelling en/of om te help met bloedsirkulasie

(4)

1.3 BENOEM VAN BESERINGS

NOTA: Sien slegs die eerste TWEE alternatiewe behandelings na as die kandidaat meer verskaf het.

Verwagte antwoorde:

- Fisioterapie
- Akupunktuur
- Medikasie
- Room/salf
- Hidroterapie
- Enige ander gepaste antwoord wat die behandeling noem.

(2)

1.4 VERDUIDELIKING VAN POSTUUR

Verwagte antwoorde:

- Verlenging van die ruggraat en nek
- Belyning van die kop, skouers, heupe, knieë en enkels
- Korrekte plasing/balansering van die bekken (nie voor of agteroor gekantel nie)
- Aktivering van die kern (abdominale en rugspiere)
- Gelyke opening van die bors en rug (d.w.s. om nie die skouers rond te hou nie)
- Gewig eweredig versprei oor die DRIE punte van die voet
- Enige ander gepaste antwoord wat postuur verduidelik. Dit kan na 'n spesifieke dansvorm verwys.

(4)
[15]

VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID

| | | | |
|--------------------|------------|----------------|---------|
| LAE VLAK | 2.2.1 | Benoem | 2 punte |
| MEDIUM VLAK | 2.1 | Verduideliking | 4 punte |
| | 2.2.2 | Verduideliking | 2 punte |
| | 2.3 OF 2.4 | Verduideliking | 9 punte |
| HOË VLAK | 2.3 OF 2.4 | Ontwerp | 3 punte |

2.1 VERDUIDELIKING VAN VERKEERDE STELLINGS

| | |
|--------------|---|
| NOTA: | As kandidate die regte antwoord gee en nie die 'waarom' gee nie, moet ½ punte toegeken word. |
| | Bv. Statische strekking moet aan die einde van die klas gedoen word = ½ punt. |
| | Statische strekking moet aan die einde van die klas gedoen word omdat die spiere warm en buigsaam is = 1 punt. |

Verwagte antwoorde:

- 2.1. 2.1.1 Statische strekking moet aan die einde van die klas gedoen word omdat die spiere warm en soepel is. (1)
- 2.1.2 Onderontwikkelde komponente van fiksheid sal die kwaliteit van jou optrede affekteer omdat jy geen beheer oor jou bewegings/beperkte omgang, ens. sal hê nie. (1)
- 2.1.3 Stres en spanning beïnvloed 'n danser se soepelheid omdat gespanne spiere nie elasties is nie. (1)
- 2.1.4 Kernstabiliteit is belangrik vir goeie tegniek omdat dit jou help met balans /kontrole van bewegings. (1)
- Enige ander gepaste antwoord wat verduidelik waarom die stelling verkeerd is.

2.2 BESTUDEER DIE BEELD

2.2.1 BENOEMING VAN KOMPONENTE VAN FIKSHEID

NOTA:

- Verwys na die VRAESTEL vir die **beeld**
- Kandidate moet **enige** TWEE komponente van fiksheid noem **met betrekking tot die beeld**

Verwagte antwoorde:

- Krag
- Soepelheid
- Kernstabiliteit
- Uithouvermoë/spieruithouvermoë/kardiovaskulêre uithouvermoë
- Neuromuskulêre vaardighede

(2)

2.2.2 VERDUIDELIKING VAN KOMPONENTE VAN FIKSHEID

NOTA:

- Verwys na die VRAESTEL vir die **beeld**
- Kandidate moet elkeen van die komponente van fiksheid wat in 2.2.1 genoem is, **met betrekking tot die beeld** verduidelik

Verwagte antwoorde:

KRAG:

- Albei dansers het krag in hulle arms/romp/bene om te handhaaf/hul posisies te hou
- Danser B wys krag omdat hy die gewig van danser A ondersteun
- Enige ander gepaste antwoord wat verduidelik hoe krag gebruik word

SOEPELHEID:

- Die danser met die been in die lug (danser B) wys soepelheid in die heupgewrigte/bene omdat sy agterste been agter hom verleng is
- Enige ander gepaste antwoord wat verduidelik hoe soepelheid gebruik word

KERNSTABILITEIT:

- Albei dansers het kernstabiliteit sodat hulle hierdie posisies kan beheer en hou
- Enige ander gepaste antwoord wat verduidelik hoe kernstabiliteit gebruik word

UITHOUVERMOË/SPIERUITHOUVERMOË/KARDIOVASKULÊRE

UITHOUVERMOË:

- Spieruithouvermoë: die dansers kan die posisies vir 'n lang periode hou sonder om moeg te word
- Kardiovaskulêre uithouvermoë: die bewegings lyk as of dit binne 'n danssekwensie is en dat die dansers uithouvermoë benodig sodat hulle nie moeg word nie
- Enige ander gepaste antwoord wat verduidelik hoe uithouvermoë gebruik word

NEUROMUSKULÊRE VAARDIGHEDE:

- Albei dansers is gefokus op mekaar sodat hulle hul bewegings kan koördineer
- Albei dansers balanseer mekaar
- Enige ander gepaste antwoord wat verduidelik hoe neuromuskulêre vaardighede gebruik word

(2)

2.3 ONTWERP VAN PLAKKAAT: voordele van komponente van fiksheid

- NOTA:**
- DRIE komponente moet ingesluit wees om vol punte te behaal
 - Kandidate kan meer inligting oor een komponent insluit as oor 'n ander
 - Gebruik professionele oordeel om te bepaal hoe effektief die plakkaart is
 - Die verduideliking moet direk verwantskap hou met die DRIE komponente wat deur die kandidate verkies is
 - Kandidate mag gebruik maak van beeldmateriale om hul idees te kommunikeer
 - As die kandidaat dieselfde inligting/beeldmateriale in elke komponent gebruik, mag 'n punt slegs een keer toegeken word vir die inligting

Verwagte antwoorde:**Kreatiewe uitlegging en voorlegging moet insluit:**

- 'n Vol A4 bladsy word 'n punt gegee (1)
- Ontwerp en uitleg (balans, ruimte, grote, belyning, ens.) (1)
- Kreatiewe/gebruik van verskillende lettertipe/beelde/bokse/praatborrels, ens. (1)

Enige DRIE komponente kan ingesluit word:

Krag: 'n danser sal in staat wees om te:

- Swaartekrag te weerstaan en behou posisies
- Kontroleer bewegings
- Hoër te spring (been en enkelsterkte)
- Bewegings moeiteloos te laat lyk
- Beserings te voorkom
- Enige ander gepaste antwoord wat voordele van krag verduidelik

Soepelheid: 'n danser sal in staat wees om:

- 'n groot omgang van beweging uit te voer
- Die vlak van ingewikkeldheid in bewegings te vermeerder
- Bewegings moeiteloos laat lyk
- Beserings te voorkom weens die styfheid van gewrigte/spiere/senings
- Enige ander gepaste antwoord wat voordele van soepelheid verduidelik

Kernstabiliteit: 'n danser sal in staat wees om:

- Postuur en belyning te handhaaf en verbeter
- Bewegings vanaf die buik te kontroleer
- Balans en beheer te handhaaf en verbeter
- Veiligheid en doeltreffende oorgange tussen bewegings te verseker
- Bewegings moeiteloos laat lyk
- Voorkoming van beserings van die rug en ruggraat deur gebrek aan beheer
- Enige ander gepaste antwoord wat voordele van kernkrag verduidelik

Uithouvermoë/spieruithouvermoë/kardiovaskulêre uithouvermoë: 'n danser sal in staat wees om:

- Dans vir langer periodes
- Die gedagtes vrymaak om op die uitvoering te fokus eerder as om bekommerd te wees oor hoe om energie te bespaar
- Bewegings moeiteloos te laat lyk
- Voorkoming van beserings weens moegheid
- Enige ander gepaste antwoord wat voordele van uithouvermoë verduidelik

Neuromuskulêre vaardighede: 'n danser sal in staat wees om:

- Algehele dansoptrede te verbeter want bewegings word outomaties
- Kwaliteit van die optrede verbeter want bewegings het betekenis
- Ratsheid te hê of te verbeter om vinnig en doeltreffend te beweeg
- Bewegings moeiteloos te laat lyk
- Voorkoming van beserings
- Enige ander gepaste antwoord wat voordele van neuromuskulêre vaardighede verduidelik

(9)
[20]

OF

2.4 ONTWERP VAN PLAKKAAT: ontwikkeling van Komponente van Fiksheid

- NOTA:**
- DRIE komponente moet ingesluit wees om vol punte te behaal
 - Kandidate mag meer inligting oor een komponent insluit as oor 'n ander
 - Gebruik professionele oordeel wanneer daar bepaal word hoe effektief die plakkaat is
 - Die verduideliking moet direk verwant hou met die DRIE komponente wat deur die kandidate verkies is
 - Kandidate mag gebruik maak van beeldmateriale om hul idees te kommunikeer
 - As die kandidaat dieselfde inligting/beeldmateriale in elke komponent gebruik, mag 'n punt slegs een keer toegeken word vir die inligting

Verwagte antwoorde:

Kreatiewe uitlegging en voorlegging moet insluit:

- 'n Vol A4 bladsy word 'n punt gegee (1)
- Ontwerp en uitleg (balans, ruimte, grote, belyning, ens.) (1)
- Kreatiewe/gebruik van verskillende lettertipe/beelde/bokse/praatborrels, ens. (1)

Enige DRIE komponente kan ingesluit word:

Krag: kan ontwikkel word deur:

- Stadige beheerde bewegings te doen
- Spesifieke versterkingsoefeninge vir elke liggaamsdeel (bv. *Port-de-bras* vir die arms en rug, artikulasie oefeninge om die voete, enkels en bene te versterk) te doen
- Oefeninge soos uitvalle, hurkoefeninge, opstote, optrekke (vir arms en bene) te doen
- Weerstandsoefeninge/oefeninge met gewigte (gewigte/liggaamsgewig/rekbare elastiese bande) te doen
- Pas progressiewe oorlading beginsels (vermeerder duur/gewigte/intensiteit) toe
- Gereeld te oefen (d.w.s. 3 – 4 keer per week)
- Enige ander gepaste antwoord wat die ontwikkeling van krag verduidelik

Soepelheid: kan ontwikkel word deur:

- Oefeninge met 'n grote omgang van beweging (d.w.s. skoppe, spronge) te doen
- Oefeninge soos yoga te doen
- Strecking (passiewe en aktiewe strekkingstegnieke)
- Pas progressiewe belading beginsels (vermeerder duur/gewigte/intensiteit) toe
- Konsekwente oefeninge (d.w.s. 3 – 4 keer per week)
- Enige ander gepaste antwoord wat die ontwikkeling van soepelheid verduidelik

Kernstabiliteit: kan ontwikkel word deur:

- Die kernspiere binne en buite die dansklas te gebruik
- Oefeninge soos abdominale frommel bewegings, rugekstensies, planke
- Oefeninge wat balans en beheer uitdaag
- Bewegings te doen waar die liggaam van aksis af is
- Progressiewe oorbelading beginsels (verleng tydsduur/gewigte/intensiteit) toe te pas
- Gereeld te oefen (d.w.s. 3 – 4 keer per week)
- Enige ander gepaste antwoord wat die ontwikkeling van kernkrag verduidelik

Spiersuithou vermoë: kan ontwikkel word deur:

- Stadige en beheersde bewegings vir uitgebreide tydperke te doen
- Weerstandsoefeninge
- Baie repetisies van spesifieke versterkingsoefeninge vir elke liggaamsdeel (bv. *Port-de-bras* vir die arms en rug, artikulasie oefeninge om die voete, enkels en bene te versterk) te doen
- Baie repetisies van oefeninge soos uitvalbewegings, hurkoefeninge, opstote, optreкке (vir arms en bene) te doen
- Enige ander gepaste antwoord wat die ontwikkeling van kernkrag verduidelik

Kardiovaskulêre suithou vermoë: kan ontwikkel word deur:

- Oor-die-vloer bewegings/bewegings/dinamiese bewegings waar die tydsduur geleidelik vermeerder word
- Aktiwiteite buite die klaskamer te doen om die hart en longe te versterk soos die ry van 'n fiets, hardloop, swem, ens.
- Enige ander gepaste antwoord wat die ontwikkeling van kernkrag verduidelik

Uithou vermoë (algemeen): kan ontwikkel word deur:

- Langer te dans
- In die klas rond te hardloop as 'n opwarming voor die aanvang van die klas
- Progressiewe oorbelading-beginsels toe te pas (verleng tydsduur/gewigte/intensiteit) toe
- Gereeld te oefen (d.w.s. 3 – 4 keer per week)
- Enige ander gepaste antwoord wat die ontwikkeling van uithou vermoë verduidelik

Neuromuskulêre vaardighede: kan ontwikkel word deur:

- Te repeteer en oefen sodat die oefening outomaties kan word (spiergeheue)
- Improviserings aktiwiteite om kreatiwiteit en reaksies op veranderende omstandighede te ontwikkel
- Om op verskillende tipe musiek te dans om musikaliteit te ontwikkel
- Bewegings op een been te doen om balans te verbeter
- Vinnige bewegings wat rigting verander om ratsheid te ontwikkel
- Progressiewe oorbelading-beginsels toe te pas (verleng tydsduur/gewigte/intensiteit) toe
- Gereeld te oefen (d.w.s. 3 – 4 keer per week)
- Enige ander gepaste antwoord wat die ontwikkeling van neuromuskulêre vaardighede verduidelik

(9)
[20]

VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG

| | | | |
|--------------------|------------|------------------------|----------------|
| LAE VLAK | 3.1 | Verduideliking | 3 punte |
| MEDIUM VLAK | 3.2 | Bevraagtekening | 3 punte |
| HOË VLAK | 3.3 | Ontleding | 4 punte |

3.1 VERDUIDELIK GOEIE EETGEWOONTES

| | |
|--------------|---|
| NOTA: | <p>Kandidate kan enige van die volgende formate insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Algemene oorsig oor hoe goeie voeding die liggaam positief beïnvloed • Eetgewoontes soos klein gereelde maaltye, ens. • Spesifieke dieëte. • Noem spesifieke voedselgroepe en verduidelik hoe dit die liggaam beïnvloed • Kandidate kan in die negatief antwoord bv. Jy sal nie moeg voel as jy 'n gebalanseerde dieët volg nie • Verduidelikings wat vaag/onvolledig is mag ½ punte toegeken word |
|--------------|---|

Verwagte antwoorde:

- Volgehoue en/of toeneemende energie vlakke
- Verbeterde geestes bewustheid/konsentrasie en fokus
- Verbeterde welstand (geestelik en fisies)
- Instandhouding van liggaamsgewig deur die versekering van regte porsie grotes
- Versterk immuunsisteem om siektes en beserings te beveg
- Vermeerder krag as gevolg van voedingstowwe van proteïene
- Versterk bene deur kalsium inname
- Beskerming van belangrike organe as gevolg van vet inname
- Verminder moegheid, spierkrampe, kans vir osteoporose as gevolg van vitamienene en minerale inname
- Enige ander gepaste antwoord wat die effek van goeie eetgewoontes verduidelik (3)

3.2 BEVRAAGTEKEN: HIDRASIE

| | |
|--------------|--|
| NOTA: | <p>Kandidate kan enige van die volgende formate insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Algemene oorsig oor hoe hidrasie die liggaam beïnvloed • Kandidate kan in die negatief antwoord bv. Jy sal nie duiselig word as jy genoeg water drink nie • Verduidelikings wat vaag/onvolledig is mag ½ punte toegeken word |
|--------------|--|

Verwagte antwoorde:

Kandidate moet redes verskaf waarom water so belangrik vir die liggaam is. Redes kan insluit:

- Aanvulling van water wat deur sweet verlore geraak het
- Reguleer liggaamstemperatuur
- Verhoog fokus en konsentrasie
- Voorkom spierkrampe, moegheid, naarheid, duiseligheid, floutes en hoofpyne
- Raak onslae van afvalprodukte
- Dra voedingstowwe en suurstof na die liggaam
- Enige ander gepaste antwoord wat die belangrikheid van hidrasie verduidelik (3)

3.3 EVALUERING VAN DIE VOORDELE VAN DANS

- NOTA:**
- Kandidate moet spesifieke voorbeelde verskaf en verduidelik/motiveer **hoe** dans die emosionele en geestelike welstand sal baat
 - Geen ½ punte mag toegeken word vir hierdie vraag nie

Verwagte antwoorde:

Dans kan geestelike en emosionele welstand bevoordeel deur:

- ontspanningstegnieke te leer en uit te voer
- regte asemhalingstegnieke te leer en uit te voer
- te leer om te fokus en helder te dink
- 'n gevoel om deel van 'n stam te wees
- 'n sin van eiewaarde/selfvertroue/selfrespek te verskaf
- sosiale interaksie te vermeerder
- die vrylating van endorfiene om die gevoel van gelukkigheid en toenemende energie te bevorder
- verbeterde algemene gesondheid en fiksheid wat lei tot algehele verbetering van welstand
- Enige ander gepaste antwoord wat die voordele van dans op die geestelike en emosionele welstand evalueer

(4)
[10]

VRAAG 4: DANSOPVOERING/-UITVOERING

| | | | |
|-----------------|-----|----------------|---------|
| LAE VLAK | 4.1 | Beskrywing | 3 punte |
| | 4.2 | Verduideliking | 2 punte |
| HOË VLAK | 4.3 | Evaluering | 4 punte |
| | 4.4 | Besin | 6 punte |

4.1 BESKRYWING VAN DANSBEGINSELS

- NOTA:**
- Kandidate moet enige DRIE beginsels noem en beskryf wat in hul hoofdansvorm gebruik word. Merk slegs die eerste drie as meer verskaf word.
 - Geen punte moet vir die naam van die hoofdansvorm toegeken word nie.
 - Indien die naam van die hoofdansvorm nie gegee word nie, moet die gegewe beginsels gelees word en 'n professionele oordeel gemaak word oor watter hoofdansvorm die kandidaat beantwoord.
 - Antwoorde moet van toepassing op die hoofdansvorm wees en nie generies nie
 - Beginsels wat vaag beskryf word kry ½ punte
bv. Ballet daag swaartekrag uit = ½ punt
 - Ballet daag swaartekrag uit omdat die meeste van die bewegings lig en eteries is = 1 punt

Verwagte antwoorde:**Algemene areas wat pas by die meeste hoofdansvorme:**

- Gebruik van swaartekrag: daag dit uit of werk met swaartekrag
- Gebruik van arms: plasing/spesifieke posisies/gemaklik, ens.
- Gebruik van bene en voete: uitgedraai/parallel/gepunte voete/gebuigde voete
- Gebruik van kop: kop en oë gebruik/houding van skouers en kop/val
- Postuur: verleng/effense kantel vorentoe/agtertoe
- Gebruik van ruimte: oor-die-vloer bewegings/nie-bewegende bewegings
- Enige ander gepaste antwoord wat die dansbeginsels beskryf

(3)

4.2 VERDUIDELIKING VAN VEILIGE DANSTEGNIEKE

- | | |
|--------------|--|
| NOTA: | <ul style="list-style-type: none"> • Kandidate moet TWEE veilige danstegniese insluit. Merk slegs die eerste twee as meer verskaf word • Verduidelikings wat vaag is mag ½ punte toegeken word |
|--------------|--|

Verwagte antwoorde:

Veilige danstegniese wat algemeen is vir die meeste genres en 'n beskrywing:

- Gebruik uitdraai van bene
- Begin en einde van 'n sprong
- Kop en oë gebruik in draaie
- Belyning en postuur

Veilige danstegniese wat spesifiek is vir 'n genre en 'n beskrywing:

- Gebruik van swaartekrag
- Gebruik van arms/voete
- Saamdans/kontakwerk
- Enige ander gepaste antwoord wat veilige danstegniese verduidelik. Kan spesifiek na 'n hoofdansvorm verwys

(2)

4.3 BESTUDEER DIE BEELD: evaluering van dansvaardighede

- | | |
|--------------|--|
| NOTA: | <p>Verwys na die VRAESTEL vir die beeld</p> <ul style="list-style-type: none"> • Baie moontlike vertolkings van die beeld sal verskaf word • Evalueer die hele antwoord in konteks van wat die kandidaat weet en ken punte daar volgens toe • Kandidate moet die boodskap evalueer wat hulle dink oorgedra word deur die dansers, om bewegingsbetekenis te gee • Hulle moet dit motiveer deur voorbeelde van die dansbeeld te verskaf oor hoe die dansvaardighede hierin gewys word • Punte mag nie toegeken word vir die evaluering van die kostuums/beligting/stelle nie • Geen ½ punte mag vir hierdie vraag toegeken word nie |
|--------------|--|

Verwagte antwoorde:

Redes moet gemotiveer word en kan insluit:

- Kwaad
- Beheer/dominansie
- Vang/vasgevang
- Vroulike bemagtiging
- Konneksie met dansers deur die gebruik van die arms
- Enige ander paslike antwoord wat die dansvaardighede evalueer

(4)

4.4 JOERNAALBESINNING

- NOTA:**
- Baie moontlike interpretasies/weerspieëlings sal verskaf word
 - Meer inligting mag oor 1kolpunt meer as die ander kolpunt ingesluit word
 - Evalueer die hele antwoord in konteks van wat die kandidaat weet en ken punte daarvolgens toe
 - Geen ½ punte mag vir hierdie vraag toegeken word nie

Verwagte antwoorde:

Moontlike refleksie kan insluit:

- Beperkte tyd
- Onderbrekings van lesse
- Bang om siek te word
- Onsekerheid/gebrek aan roetine
- Verdriet/familie en vriende wat dood gaan
- Enige ander gepaste antwoord wat die dansuitdagings gedurende Covid-19 weerspieël

Moontlike refleksie om verantwoordelikheid te neem vir die vooruitgang en ontwikkeling van jou danstegniek (mag/of mag nie betrekking hê met Covid):

- Werk by die huis
- Bywoning van aanlyn/ekstra klasse
- Oefen van korreksies in die klas gegee
- Addisionele fiksheid oefening en/of strekking
- Enige ander gepaste antwoord wat die verantwoordelikheid en eie ontwikkeling weerspieël

(6)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE

| | | | |
|--------------------|---------------|-------------|----------|
| LAE VLAK | 5.1.1 – 5.1.3 | Kies | 9 punte |
| MEDIUM VLAK | 5.2 OF 5.3 | Verduidelik | 6 punte |
| HOË VLAK | 5.4 | Beplanning | 10 punte |

5.1 VERKIESING VAN TERME

Verwagte antwoorde:

| 5.1.1 RUIMTE | 5.1.2 TYD | 5.1.3 KRAG |
|--|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> • Simmetrie • Patroon • Kanon • Kontras <p style="text-align: right;">(3)</p> | <ul style="list-style-type: none"> • Sinkopasie • Pas • Kanon • Dinamiek • Patroon • kontras <p style="text-align: right;">(3)</p> | <ul style="list-style-type: none"> • Gewig • Kontras • Dinamiek <p style="text-align: right;">(3)</p> |

(9)

5.2 VERDUIDELIKING VAN IMPROVISASIE

NOTA: • Evalueer die hele antwoord in konteks van wat die kandidaat weet en ken punte daarvolgens toe

Verwagte antwoorde en verduideliking:

- 5.2
- Alledaagse bewegings
 - Gebare
 - Ontwikkeling van motiewe
 - Samesmelting/kombinasies van genres
 - Kontakwerk
 - Gebruik woorde uit die tema/voorneme/doel en 'n beweging vir elkeen te maak, ens.
 - Enige ander gepaste antwoord wat die ontwikkeling van bewegingswoordeskat deur improvisasie verduidelik
- (6)

OF

5.3 VERDUIDELIKING VAN MUSIEK/BEGELEIDING

NOTA: • Evalueer die hele antwoord in konteks van wat die kandidaat weet en ken punte daarvolgens toe

Verwagte antwoorde: verduidelik

- 5.3
- Stemming van musiek pas by die emosie van die tema
 - Styl/genre – verhoog die styl/genre van die beweging
 - Instrumentasie – toonkleur skep atmosfeer/bui van die stuk
 - Stem/sang – dra by tot die tema/voorneme van die werk
 - Stilte – dra by tot die gevoel van spanning/fokus tot die werk
 - Musiek het 'n klimaks – pas by die klimaks in bewegings, ens.
 - Enige ander gepaste antwoord wat die keuse van musiek en/of begeleiding vir 'n choreografie verduidelik

(6)

5.4 BESTUDEER DIE BEELD**5.4 BEPLANNING VIR KOMPETISIE**

NOTA:

- Verwys na die VRAESTEL vir die **beeld**
- Gebruik professionele oordeel wanneer hierdie vraag gemerk word want kandidate sal 'n verskeidenheid van reaksies hê
- Kandidate moet aandui hoe hulle die opvoerruimte sal gebruik .
- Indien die opvoerruimte goed verduidelik is, maar nie aandui hoe dit in die danswerk gebruik word nie, evalueer daarvolgens
- Geen ½ punte mag vir hierdie vraag toegeken word nie

Verwagte antwoorde en verduideliking:

- 'n Wye verskeidenheid van reaksies word verwag
- Innoverende benadering tot die wen van die kompetisie
- Moontlike areas wat ingesluit mag word:
 - Storie/tema/voorneme/doel
 - Abstrakte
 - Verhalende
 - Inspirasie
 - Bewegingswoordeskat
 - Danselemente
 - Choreografiese elemente
 - Genre/styl
 - Simboliek
 - Gebare
 - Alledaagse bewegings
 - Produksie-elemente
 - Trappe = ruimte
 - Muurskrif = agterdoek
 - Beligting = atmosfeer
 - Multidissiplinêre kunsvorme
 - Tegnologie/spesiale effekte
 - Musiekbegeleiding

(10)
[25]

VRAAG 6: DANSGELETERDHEID

| | | | |
|--------------------|-------|----------------|---------|
| LAE VLAK | 6.1.1 | Benoem | 4 punte |
| | 6.2.1 | Benoem | 3 punte |
| MEDIUM VLAK | 6.1.2 | Verduideliking | 8 punte |
| | 6.2.2 | Verduideliking | 6 punte |
| HOË VLAK | 6.3 | Evaluering | 4 punte |

6.1 ONTLEED BEELDE**6.1.1 BENOEMING VAN DANSGENRES**

- NOTA:**
- Kandidate moet slegs enige VIER genres identifiseer
 - Dit word nie van die kandidate vereis om die genre wat aan die beelde verbind is te identifiseer nie
 - Merk slegs die eerste VIER indien meer ingesluit word

Verwagte antwoorde:

- A – Spaans
- B – Kontemporêr
- C – Jazz
- D – Hip Hop
- E – Afrika-dans
- F – Ballet

(4)

6.1.2 VERDUIDELIKING VAN DANSGENRES

- NOTA:**
- TWEE duidelike feite vir elk van die VIER genres wat genoem word in 6.1.1 moet ingesluit en verduidelik word, om vol punte te behaal
 - As antwoorde nie goed verduidelik word nie mag ½ punte toegeken word

Verwagte antwoorde:

Moontlike eienskappe/beginsels/style kan insluit:

- Kostuums
- Skoene
- Bewegingswoordeskat
- Musiek en/of begeleiding
- Geslag rolle
- Dansstyle/genre/beginsels
- Teater/kulturele dans
- Enige ander gepaste antwoord wat verduidelik wat dansgenres herkenbaar maak

(4 x 2) (8)

6.2.1 BENOEMING VAN FUNKSIES VAN DANS

Verwagte antwoorde:

- Ontspanning
- Kompetisie
- Beroep
- Onderrig en opvoeding
- Terapie/uitdrukking van emosies
- Kommunikasie
- Politieke propaganda/kommentaar
- Persoonlike innerlike vervulling/selfverwesening
- Godsdien
- Sosiale/Persoonlike transformasie
- Enige ander paslike antwoord wat die funksies van dans noem

(3)

6.2.2 VERDUIDELIKING VAN FUNKSIES VAN DANS

- LET WEL**
- TWEE duidelike feite vir elk van die DRIE funksies wat in 6.2.1 genoem word moet ingesluit en verduidelik word om vol punte te behaal
 - As antwoorde goed verduidelik word mag ½ punte toegeken word

Verwagte antwoorde:

- **Ontspanning:** Vir pret, ontspanning, de-stres, vir genot, ens.
- **Kompetisie:** Om prysgeld te wen, herkenning te kry/status, om beroep te bevoordeel
- **Beroep:** om 'n lewe te maak, om op te tree vir geld, vir optrede, choreografeer, ontwerp, ens.
- **Onderrig en opvoeding:** onderwys, klas gee, om inligting oor te dra/geskiedenis, sosio-politiese bewustheid, ens.
- **Terapie/uitdrukking van emosies:** genesing, ontlading vir innerlike gevoel, uitdrukking van emosies, ens.
- **Kommunikasie:** simboliese taal, maak die publiek bewus en/of gemeenskappe, nie-verbale kommunikasie, ens.
- **Politieke propaganda/kommentaar:** politiese stellings, maak die publiek bewus, aktivisme, ens.
- **Persoonlike innerlike vervulling/selfverwesening:** fiksheid, geestelik, emosioneel en fisiese welstand, vrylating van energie, kreatiewe uitlating, ens.
- **Godsdien:** transformasie, verhoogde geestelike betekenis/boodskap, seremonies/gewoontes, ens.
- **Sosiale/Persoonlike transformasie:** seremonies & rituele, genesing, bou sosiale vaardighede deur middel van spanwerk
- Enige ander paslike antwoord wat die funksies van dans verduidelik

(6)

6.3 EVALUERING VAN SIMBOLIEK

- NOTA:**
- Kandidate moet EEN area kies en verduidelik hoe of teater/konsertdans OF sosiale/kulturele dans as 'n simboliese taal gebruik word.
 - As albei ingesluit is, moet slegs EEN gemerk word
 - Geen ½ punte moet vir hierdie vraag toegeken word nie

Verwagte antwoorde:

Areas wat ingesluit kan word waar dit van toepassing is:

- Beligting = kleure/fokus/atmosfeer
- Rekwisiete/agterdoek = plek/tyd/atmosfeer
- Kostuum/kleredrag = kleur/style/tekstuur
- Musiek/begeleiding/genre/styl/instrumentasie/stem/stilte = atmosfeer/bui/storie/plek, ens.
- Opvoerruimtes = konvensioneel/nie-konvensionele/gemeenskap, ens.
- Deelnemers: manlik/vroulik = rolle
- Transformasie = rituele
- Enige ander gepaste antwoord wat dans as 'n simboliese taal in of teater/konsert dans OF sosiale/kulturele dans evalueer

(4)
[25]

VRAAG 7: DANSWERK

Kognitiewe vlakke se punte volgens die rubriek:

| | | |
|--------------------|-------------------------------------|----------|
| LAE VLAK | Nie behaal nie/elementêr | 7 punte |
| MEDIUM VLAK | Middelmatig/bevredigende/beduidende | 10 punte |
| HOË VLAK | Verdienselike/uitstaande | 5 punte |
| | Formaat | 3 punte |

| | |
|--------------|---|
| NOTA: | <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik die rubriek wat voorsien is om te bepaal op watter vlak die antwoord ge-evalueer kan word, gebaseer op die intellektuele kwaliteit van die antwoord • Evalueer die hele antwoord in konteks van wat die kandidaat weet en ken punte daar volgens toe • Kandidate kan meer in een area as 'n ander skryf |
|--------------|---|

SKRYF VAN 'N RESENSIE

Toekenning van punte vir formaat van 'n resensie:

- Kreatiewe boeiende titel. Geen punte vir die naam van die danswerk as 'n titel nie (1)
- 'n Inleiding (1)
- 'n Gevolgtrekking (1)

NASIEN RUBRIEK

| | |
|--|--|
| <p>HOË VLAK</p> <p>18 – 25</p> <p>Uitstaande Verdienstelik</p> | <ul style="list-style-type: none"> • Goed geskryf/goeie taalgebruik/dansterminologie • Logiese vloe van inligting/maklik om te lees • Relevante/interessante en feitlike inligting oor die danswerk wat insluit: <ul style="list-style-type: none"> ○ Omlyn, voorneme, inspirasie vir die danswerk, oorsig ○ Gedenkwaardige choreografiese oomblikke: <ul style="list-style-type: none"> ▪ Bewegingswoordeskat ▪ Gebruik van produksie elemente |
| <p>MEDIUM VLAK</p> <p>8 – 17</p> <p>Beduidende vermoë Bevredigend Middelmatig</p> | <ul style="list-style-type: none"> • Goed geskryf • Meeste areas is ingesluit • Feitlike inligting oor die danswerk wat insluit: <ul style="list-style-type: none"> ○ Omlyn, oorsig ○ Bewegingswoordeskat ○ Gebruik van produksie elemente |
| <p>LAE VLAK</p> <p>0 – 7</p> <p>Elementêr Nie behaal nie</p> | <ul style="list-style-type: none"> • Swak geskryf • Baie min areas word ingesluit • Minimale/geen feitlike inligting oor die danswerk nie |

[25]

VRAAG 8: CHOREOGRAAF

Kognitiewe vlakke se punte volgens die rubriek:

| | | |
|--------------------|-------------------------------------|---------|
| LAE VLAK | Nie behaal nie/elementêr | 5 punte |
| MEDIUM VLAK | Middelmatig/bevredigende/beduidende | 6 punte |
| HOË VLAK | Verdienselike/uitstaande | 4 punte |

| | |
|--------------|---|
| NOTA: | <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik die rubriek wat voorsien is om te bepaal op watter bewussynsvlak die antwoord val gebaseer op die intellektuele kwaliteit van die antwoord • Evalueer die hele antwoord in konteks met wat die kandidaat weet en ken punte daar volgens toe • Kandidate kan meer in oor een onderhoud vraag as 'n ander skryf • Die inligting in die antwoorde kan oorvleuel • Geen punt vir die naam van die choreograaf nie |
|--------------|---|

NASIEN RUBRIEK

| | |
|---|---|
| HOË VLAK 12 – 15 Uitstaande Verdienselike | <ul style="list-style-type: none"> • Innemende styl van vrae beantwoord in 'n onderhoud konteks • Logiese vloei van inligting • Diep begrip met insiggewende opinies • Goed geskryf/toepaslike reaksie/gebruik van dansterminologie • Vrae feitlik en in diepte beantwoord |
| MEDIUM VLAK 6 – 11 Beduidende vermoë Bevredigend Middelmatig | <ul style="list-style-type: none"> • Onderhoudstyl van vrae beantwoord word gebruik • Inligting gestruktureerd • Goed geskryf/gebruik van dansterminologie • Vrae feitlik beantwoord |
| LAE VLAK 0 – 5 Elementêr Nie behaal nie | <ul style="list-style-type: none"> • Nie geskryf in 'n onderhoudstyl nie • Sommige/geen/verkeerde feite voorsien |

Verwagte antwoorde:

- 8.1 **Agtergrond:** oorsprong, geboorte plek, hoe en wanneer in die dans wêreld blootgestel/opleiding
- 8.2 **Dansopleiding:** dansopleiding, dansgeselskappe, kunstenaars wie mee gewerk is, danswerke wat geskep is, hoogtepunte, medewerings, herkennings, toekennings, ens
- 8.3 **Artistiese invloed:** impak van onderwysers/mense, gemeenskap, politiek, ander kunstenaars, ens.
- 8.4 **Bydrae:** geselskappe wat gestig is, werk wat verskaf is, uitreikings programme, erkenning van buite organisasies, dansstyle/tegniek geskep, etc.
 - Enige ander paslike en kreatiewe antwoord

[15]

TOTAAL AFDELING B: 90
GROOT TOTAAL: 150